

Vrydag 4 September

Skrifgedeelte: Rut 2:1-23

Fokusgedeelte: Rut 2:3, 12, 20

Die Here se genadige voorsiening in die bereiking van sý doel

Staan “toevalligheid” in beheer daarvan waar Naomi en Rut aan die begin van die garsoes in Betlehem aangekom het? Die aanleiding tot hierdie vraag skuil in ’n direkte vertaling van vers 3: *“En gelukkig kom sy op ’n stuk land af wat behoort aan Boas.”* Is hierdie ontmoeting aan pure **“geluk-kigheid”** toe te skryf?

Oënskynlik mag dit alledaags lyk met Rut wat agter die graansnyers aan are opgetel het. Blote geluk het nie die laaste woord nie. Die Here se genadige voorsiening in die bereiking van sý doel is in die ontmoeting van Rut 2 ineengevleg. Die Here se sorg volgens sy bepaling lê ten grondslag aan Boas se hulp aan Rut wat as ’n armoedige weduwee, en as ’n vreemdeling, die pad van are optel in die geloof betree het (vgl. Lev. 19:9; Deut. 24:19).

Ook Boas se verskyning op die juiste moment is nie louter toevallig nie. Die Here se hand is in hierdie woorde van Boas te onderken: *“... onder wie se vleuels Rut kom skuil het”* (vs 12). Langs die weg van doodgewone gebeurtenisse ontvou die wonder van die Here se beskikking met Naomi se ter sprake bring van Boas as *“familie en as een van ons lossers”* (vs 20). Hiermee kom ’n moontlike uitkoms vir die twee weduwees in die gesigsveld (vgl. Lev. 25).

Hierdie verloop van sake openbaar die Here se inskakeling van alledaagse dinge, en van medewerkers, in sy koninkryksplan waar Hy deur sy heerskappy die weg vir die koms van Christus baan (Rut 4:18-22).

Hoe besien jy – burger van God se koninkryk – die verloop van sake in jou lewe? Alledaagse dingetjies bloot ’n “gelukkige” sameloop van omstandighede? Klein dingetjies as onbenullig om aan God diensbaar te wees? God se voorsiening strek oor elke dag van die hele lewe. Hy wil sy seëninge gebied oor wie Hom na sy wil skik. Dit is dan nie as gering te reken nie om in sy diens vir ander tot hulp te wees. Die Here – in beheer van die bereiking van sý doel – vra deur sy Woord om toegewy in alles tot beskikking van Hom te wees wat oor alles beskik.

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)